dagstukkies met Dennis

Daagliks by www.tygerberg104fm.co.za/blog

2 MEI 2019

Romeine 12:2: #Onderskeiding

“En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.”

Ons leef in ‘n geweldige tyd waar die gelowiges se stand in die Here tot die uiterste toe getoets word. Mense word op ‘n slingse manier stukkie vir stukkie deur die media gemanupileer, en op ‘n sielkundige manier geboelie om in te pas by die wêreld se orde. Apostel Paulus skryf in baie duidelike skrif aan die Romeine: “En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie…” Daar moet ‘n onderskeiding wees tussen die optrede van die gelowige en die ongelowige. Die gelowige kan nie in dieselfde juk trek as die ongelowige nie. Die skrif sê tog duidelik dat uit ‘n fontein tog nie twee soorte water kan kom nie, dit is of vars of brakwater.

In die loop van die lewe kom ons te staan voor baie keuses, waar daar duidelike verskil moet wees van die ou lewe en die nuwe lewe, daarom sê Paulus word verander deur die vernuwing van julle gemoed. Die onderskeiding tussen die wêreldling en die gelowige is om te beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.

Vrede / Shalom